# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS




# 2026 | Namibië 4x4 Toer

20 – 26 Februarie 2026

leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za

Uit die pen van

# Gerrie Pretorius

*Music was my first love*
*but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: “Leef Jou Reis” is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot ‘n toeris is nie maar ‘n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van ‘n reis familie.

Ons is die “cool kids” van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.



## Toer deur die oudste woestyn ter wêreld: die Namib!

Die massiewe duine van hierdie ongerepte wildernis is tot 300 meter hoog, om jou 4x4-vernuf tot die uiterste te beproef. Ons reis neem ons deur vergete spookdorpe diep weggesteek in die woestyn waar alles oornag net so agtergelaat is. Die sogenaamde Sperrgebiet het al baie slagoffers geëis weens die ongenaakbare woestyntoestande en eensame afgesonderdheid ver weg van die samelewing.

Later maak die duine oop teen die see en ons ry kuslangs verby skeepswrakke vanuit 'n vergete era.

Met spesiale permitte gaan ons ernstig 4x4 ry deur plekke wat slegs vir uitverkore avonturiers bestem is, en jy gaan selfs die geleentheid kry om 'n knewel van 'n kabeljou of galjoen uit die see te trek. Pak jou 4x4 en kom reis saam met ons vanaf Aus met sy woestynperde, deur die duine van die Namibwoestyn, na Walvisbaai op een van die grootste avonture van jou lewe. Daar wag 600 kilometer se pure duineplesier...

**Kom ervaar die duine avontuur met Leef Jou Reis.**



# Namibië 4x4 Toer

20 – 26 Februarie 2026

**R 25 500.00** Per Persoon



## DAG 1: Vrydag, 20 Februarie

Ons ontmoet by Klein-Aus Vista net buite Lüderitz. Dié area met sy rotsformasies lyk kompleet soos ’n toneel uit Mars met die Auasberge in die agtergrond. Ons vriend, Piet Swiegers is die kenner van Namibië se woestynperde en hy vertel ons meer van hierdie spesiaal-aangepaste diere. Ons kry dan ook die kans om die perde te gaan soek. Andersins, kan jy bloot heerlik langs die swembad ontspan.

Vroegaand word elke voertuig met ’n tweerigtingradio toegerus vir kommunikasie en inligting vir ons uittog deur die woestyn. Later word die vure aangesteek vir ’n gesellige braai terwyl ons heerlik saamkuier. Ons stel die ervare span bekend en deel die roete en orde-reëlings van die ekspedisie.

Wees gerus, jy is in uiters bekwame hande met gidse wat die woestyn se roetes help uitlê het en dit soos die palm van hulle hande ken. Hulle verskaf ook bystand op tegniese gebied sou dit nodig wees.

Jy sal egter binne ’n dag of twee ’n ervare 4x4 woestynbestuurder en koning van die duine wees.

## DAG 2: Saterdag, 21 Februarie

Ons verlaat Aus en ry in die rigting van die plaas Kanaän, met meer as 35 000 hektaar se bewaarde gebied en ’n ware paradys vir fotograwe. Kanaän vorm deel van die bekende N/a’an ku sê Wildreservaat, waar wilde diere soos jagluiperds deur Marlice en dr. Rudie van Vuuren (Groen Namibië KykNET-reeks) rehabiliteer word.

Uitgestrekte grasvlaktes en die vreemde “fairy circles” graspolle vorm deel van die landskap. Jy is nou in die Namib-Naukluft Nasionale Park, waar ons soek na ’n geskikte plek vir middagete.

Die Namib-Naukluft Nasionale Park beslaan ongeveer 50 000 m$^2$ en is een van die grootste bewaringsgebiede in Afrika. Ons volg die Tirasberge dieper die woestyn in en nou raak dit tyd vir bande afblaas…

Vanaand slaan ons tent op terwyl die hemel oopbars met miljoene sterre – soos jy lanklaas gesien het. Die sjefs sorg elke aand vir die heerlikste geregte terwyl jy agteroor sit en ontspan met ’n spesiale wynproe-geleentheid onder die sterre langs die gesellige kampvuur. Welkom by jou duine-safari deur die oudste woestyn ter wêreld!

# DAG 3: Sondag, 22 Februarie

Vandag begin die ernstige duine ry, en ons staan vroeg op vir koffie en beskuit sowel as 'n heerlike ontbyt. Ons vertrek dieper die woestyn in en gaan maak ook 'n draai by van die woestyn se slagoffers. Daar is die mooi storie van Suzie. Dié ou Ford-lorrie met haar stomp neus het 'n interessante verhaal van hoe sy hier in die woestyn beland het net na die Tweede Wêreldoorlog. Kompleet toegerus met Dakota-vliegtuigwiele wat moes help om oor die duine te klim, maar tevergeefs... die woestyn het Suzie deel van sy skatte gemaak. Daar is ook die storie van 'n ou bulldozer en tyd sal bepaal by watter van die wrakke ons stop.

Die duine raak al hoër en volg die een op die ander. Die adrenalien loop hoog as ons die kusgebied nader waar die woestyn en die see mekaar ontmoet. Dit is 'n onbeskryflike gesig wat op jou wag by Sylvia Hills. Op dié duin wat uitkyk oor die see wil jy beslis 'n skemerkelkie geniet. Hier naby slaan ons kamp op vir die aand en na 'n warm stort word daar 'n groot vuur gemaak en stories gedeel oor die dag se reis deur en oor die duine.

Ons sjef sorg vir 'n uithaler-aandete en vanaand slaap jy met die branders van die Atlantiese Oseaan as agtergrondmusiek in jou ore.

# DAG 4: Maandag, 23 Februarie

Ons volg die 4x4-roete al langs die Atlantiese kuslyn af via die duineroete. Weereens trotseer ons dik sand en hoë duine, die een na die ander wat wag. Teen dié tyd is jy al goed gekonfyt met die "slipways" en hoe om die duine reg te lees en reg te ry.



Ons reis verby plekke met die name St Francisbaai en Black Rock en vind ons weg deur die woestyn na Afklimbaai. Dié plekke se name het 'n dieper betekenis en geskiedenis wat ons met jou deel soos ons toer. As die tyd en die plek geskik is kan ons die program aanpas om lyn nat te maak opsoek na 'n knewel van 'n kabeljou.

Vanaand, en soos oudergewoonte, wag 'n knetterende vuur en smaaklike ete op jou, en ons waarborg dat jy nêrens anders sou wou wees nie.



## DAG 5: Dinsdag, 24 Februarie

Vandag wag 'n groot hoogtepunt. Tydens die vroeë 1900's was slegs 'n paar plekke teen die Namibiese kus geskik om toerusting vir die ontginning van diamante toe te laat. Hierdie "hawens" se see is rof en vele bote en skepe het al hier skipbreuk gely. Op 'n stadium was daar selfs treinspore aangelê, maar die woestyn het dit ook verswelg. Toerusting, mense en voorrade sou by Meobbaai of Konsepsiebaai afgelaai word wanneer die weer saamspeel en dan moes mens en dier sy weg vind diep die woestyn in na waar die diamante lê. In 1909 is meer as 5 000 diamant-eise geregistreer in die deel van die Sperrgebiet. Asbes- en sinkstrukture sowel as houthutte is opgerig om die woestyndorpies te vestig.

Dit was egter 'n harde, ongenaakbare taak en in 1914 word alles net so gelos en gee die mense pad met die nadraai van die Eerste Wêreldoorlog toe die geallieerde magte Namibië binneval.

Vandag staan die myndorpies, Grillenberger en Charlottenfelder, soos vergete geraamtes vasgevang in tyd.

Meobbaai was voorheen 'n walvisstasie, met ou walvisbene wat nog hier en daar rondlê. Dit is ook hier waar die Oppenheimers hulle diamantbedrywighede sou voortsit. Die hutte staan vandag nog, en jy gaan verstom staan oor alles wat hier in die middel van nêrens vermag is. Jy is nou in die vissermansparadys; hier waar die kus ongeskonde is en waar navorsing oor verskeie visspesies gedoen word.

Met spesiale vergunning en permitte in plek kry jy die geleentheid om lyn nat te maak. Hier word etiese praktyke toegepas met die klem op bewaring.

## DAG 6: Woensdag, 25 Februarie

Ons beweeg in die rigting van Walvisbaai. By Sandvisbaai gaan ons probeer om strandlangs tussen die duine en die see te ry. Dit is egter 'n roete wat fyn beplanning verg en wat ons slegs kan aanpak tydens laagwater. Alternatiewelik bou ons 'n pad deur die duine as die water ons sou keer.

Ons stop ook by die Eduard Bohlen, 'n ou skeepswrak van 1909 wat op die strand uitgeloop het nadat dit myntoerusting en voorraad moes aflaai – daar bestaan verskeie weergawes oor hoe die skip aan sy lot gekom het en ons gaan al hierdie stories met jou deel.

Kyk uit vir bruinhiënas en jakkalse wat die skip gebruik as woonplek. Jy gaan verstom wees oor hoe ver die sand die Eduard Bohlen al die woestyn ingestoot het. By die dele waar ons langs die see ry begroet duisende robbe jou. Daar lê egter nog 'n paar duine voor alvorens ons die soutpanne van Walvisbaai bereik.



## DAG 7: Donderdag, 26 Februarie

By Walvisbaai kom ons 4x4 woestyn-safari ongelukkig tot 'n einde. Dit is weer tyd vir bande opblaas, groet en huiswaarts keer met 'n vol gemoed na die baie lag en mooiste herinneringe van 'n onvergeetlike toer.

* Let asseblief daarop dat die program se dae omgeruil kan word afhangend van die woestyn toestand.



# Namibië 4x4 Toer

20 – 26 Februarie 2026

**R 25 500.00** Per Persoon

## Wat Nou...?

Volg hierdie stappe om jou bespreking te bevestig:

STAP 1

As jy by ons wil aansluit op hierdie opwindende toer, stuur jou e-posadres en selfoonnommer na leefjoureis@twf.co.za. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van die deposito.

STAP 2

Hierdie reisplan is redelik volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of WhatsApp 082 923 3626.

STAP 3

Begin solank opgewonde raak en uitsien na hierdie besonderse woestyn-ervaring!

## Pakket Sluit In:

- Prys is gebasser op per persoon wat deel
- 5 nagte se staanplek akkommodasie
- 3 etes per dag
- 1 nag se akkommodasie by Klein-Aus Vista in 'n standaard dubbelkamer of 'n twin kamer; ontbyt ingesluit
- Tradisionele braai-aandete by Klein-Aus Vista
- Spesialis gidse en 4x4 bystand
- Konsessiefooie betaalbaar aan die regering
- Ingangsfooie by die park per persoon per dag betaalbaar aan die regering
- Tweerigtingradio's vir kommunikasie tussen voertuie (noodsaaklik en verpligtend)
- Twee of drie gidsvoertuie (afhangende van die aantal gaste wat die toer meemaak)
- Leef Jou Reis toergids
- Fooitjies vir die mense wat ons bystaan

## Pakket Sluit Uit:

- Reisversekering sowel as mediese dekking
- Alle items van 'n persoonlike aard
- Enige etes en/of drankies afgesien van die vasgestelde spyseniering
- Enige uitstappies/toere wat nie by die reisplan ingesluit is nie

- Om jou plek op die 4x4 toer te verseker, benodig Leef Jou Reis 'n R10 000 deposito tydens die maak van jou bespreking. Let egter daarop dat dit 'n nie-verhaalbare deposito is en die gelde oorbetaal word aan die operateurs om dienste te bevestig en om die permitte te bekom. Sou jy vir welke rede nie kan reis nie dat jy verantwoordelik is vir die kostes.
- Die tweede deposito van R6500 is betaalbaar 21 September 2025.
- Die uitstaande betaling sal betaalbaar wees 30 November 2025.

## Alle Voertuig Inligting

### ELKE VOERTUIG - PAK DIE VOLGENDE

- Genoeg brandstof: Riglyn – petrolvoertuie: 3 km/liter en dieselvoertuie: 4 km/liter
- Tente, matrasse, slaapsakke/beddegoed en kampstoele
- Minimum van 60 liter water (20 liter vir kombuisbehoeftes), plus 2 liter drinkwater per persoon per dag.
- Ten minste 2 groot sakke hout plus 1 sak houtskool
- Sterk swartsakke – alle vullis moet gestoor word en eers weggegooi word wanneer ons Walvisbaai bereik
- Genoeg drankies en ander drinkgoed tydens etes en vir elke aand om die kampvuur
- Versnaperinge soos biltong, soetgoed en aartappelskyfies vir elke dag
- Eie borde, messegoed, koppies en glase (opwasmiddels word verskaf)

## Eie 4x4 Voertuig

- Maak seker dat jou 4x4 in top meganiese kondisie is
- 4x4 voertuie moet toegerus wees met "hoë-flotasie" bande wat geskik is vir sandry. Ons beveel 'n goeie "all-terrein" band aan. (geen buis-tipe bande nie)
- Pomp en drukmeter
- Noodtoerusting, gereedskap en onderdele
- Herwinningspunt/haak – voor en agter
- Dakrak moet slegs met 'n maksimum gewig van 50 kg gelaai word (bv. beddegoed of tente)
- Om oor die grens te gaan moet jou voertuig die regte dokumentasie hê. Indien jou voertuig gefinansier is gaan jy  n skrywe vanaf die bank benodig wat toesteming gee. Jy gaan ook n bewys van voldoende versekering moet gee.
- Dit is 'n bonus as jy n yskas/ vrieskas in jou voertuig het vir genoeg ys.
- Verkieslik geen daktente nie
- 2 noodwiele

Clearwater Toyota Adventure Awaits Rivonia Toyota
Family Adventures for 4x4 and 4x2 owners
CLEARWATER TOYOTA
TOYOTA
cfao MOBILITY

# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

## VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:

Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za

## BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

Leef jou Reis Vriende @GerrieOfficial @Gerriepret

Leef jou Reis met Gerrie Pretorius

Managed by **Travel With Flair** At your service! site IATA www.twf.travel | 0861 777 747 ASATA TWF